# "MEIN GMÜT IST MIR VERWIRRET": DIE KONTRAFAKTUURPRAKTYK IN DIE LIEDBOEK VAN DIE KERK

*Navorsingsnisarea: MASARA, Skool vir Musiek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus*

**Author:**
D. Kruger[1]

**Affiliation:**
[1]Skool vir Musiek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

**Correspondence to:**
Daleen Kruger

**Postal Address:**
Skool vir Musiek, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520

**Email:**
Daleen.kruger@nwu.ac.za

**Dates:**
31 Oct 2016

**How to cite this article:**
Kruger, D., 2016. ""Mein Gmüt ist mir verwirret": die kontrafaktuurpraktyk in die Liedboek van die Kerk". KOERS — Bulletin for Christian Scholarship, 81(2). Available at: https://doi.org/10.19108/KOERS.81.2.2252

**Copyright:**
© 2016. The Author(s). Published under the Creative Commons Attribution License.

The *contrafactum*-practice which utilises secular melodies and/or texts as sources in the creation of sacred hymns, is an age-old tradition. This practice generated amongst others a few Protestant hymns (particularly in the German Reformed context), which are viewed today as important hymns in the hymn corpus. One example would be the hymn for lent, "Herzlich tut mich verlangen".

In several historic sources the use of secular melodies in church hymns is motivated: the fact that the melodies are already well-known amongst the congregation would make it easy to learn the new texts. Sources also confirm that this practice makes the songs more accessible for the youth.

This article explores the development of selected hymns from the *Liedboek van die Kerk* (2001) ("Afrikaans Hymn book of the Church") to determine their secular roots and describe how they developed into sacred hymns. It is pointed out that the utilisation of the melodies as settings for different sacred texts, illustrates their quality and flexibility and is instrumental in their acceptance as hymn tunes. It is also argued that historic distance between the secular source and the church hymn contributes to the weakening of the original secular association. The ongoing debate on the secular versus the sacred is also touched upon, and finally the renewed interest in contrafacta in the late 20th and early 21st century is discussed.

*Keywords: Contrafactum* practice, German chorales, Liedboek van die Kerk (2001), *Herzlich tut mich verlangen, Herzliebster Jesu, was hast dÜu verbrochen, In dir ist Freude, Jesu meine Freude*

Die kontrafaktuurpraktyk, waar sekulêre melodieë en/of tekste as bronne gebruik word in die skep van geestelike tekste en/of melodieë, kom al eeue lank in kerkliedere voor. Hierdie werkswyse het onder andere 'n aantal Protestantse liedere opgelewer (veral in Duitse Reformatoriese verband), wat deesdae as groot liedere van die kerkliedskat geag word. Een voorbeeld is die lydenslied "Herzlich tut mich verlangen". In verskeie historiese bronne word die gebruik van sekulêre melodieë by kerkliedtekste gemotiveer: die melodieë was reeds bekend en daarom kon die nuwe liedtekste makliker aangeleer word. Die toeganklikheid vir die jeug staan ook voorop.

Hierdie artikel ondersoek enkele liedere in die *Liedboek van die Kerk* (2001) ten einde vas te stel wat die sekulêre wortels daarvan was. Voorts word aangetoon hoe die liedere as geestelike liedere ontwikkel het. Daar word verwys na die hergebruik van sekere melodieë by 'n verskeidenheid tekste, wat dui op die aanpasbaarheid van die kontrafakmelodieë en die mate waarin dit inslag gevind het as kerkliedmelodieë. Verder word daar geredeneer dat historiese afstand tussen die sekulêre bron en die kontrafak daartoe bygedra het dat so 'n lied sy sekulêre assosiasies mettertyd verloor het. In hierdie artikel kom die voortdurende debat waarin die geestelike teenoor die sekulêre musiek staan ten opsigte van gebruik in die erediens ook ter sprake. Die hernude belangstelling in en skepping van kontrafakte vanaf die laaste dekades van die 20ste eeu word ook ten slotte onder die soeklig geplaas.

*Sleutelwoorde: Kontrafaktuurpraktyk, Liedboek van die Kerk (2001), Duitse korale, Herzlich tut mich verlangen, Herzliebster Jesu, was hast du verbrochen, In dir ist Freude, Jesu meine Freude*

## 1. INLEIDING

Die kerk het deur die eeue van verskeie bronne gebruik gemaak vir die ontwikkeling van kerkliedtekste en -melodieë. Hierdie bronne sluit in nuutgekomponeerde melodieë vir bepaalde gewyde tekste, bestaande oudkerklike liedere wat aangepas is en sekulêre bronne. Die liedere in die *Liedboek van die Kerk* (2001) is geen uitsondering nie en kom uit verskeie bronne wat dateer vanaf die laat-Middeleeue tot aan die einde van die twintigste eeu. Net soos dit die geval is met liedboeke van ander denominasies, is die meeste liedere wat teks en melodie betref van gewyde herkoms. In enkele gevalle is dit egter nie so nie en het van die melodieë en/of tekste 'n sekulêre oorsprong. Die aanpassing van tekste en melodieë met sekulêre oorsprong vir godsdienstige gebruik is 'n praktyk wat bekend staan as die *contrafactum*-praktyk.

Hierdie artikel ondersoek die kontrafaktuurpraktyk soos dit voorkom in ses liedere uit die *Liedboek*. 'n Histories-empiriese ondersoek sal geloods word. Eerstens word die terminologie en werkswyse van die kontrafaktuurpraktyk beskryf en dit word gevolg deur 'n kort literatuurstudie. Die oorsprong van geselekteerde liedere sal nagevors word en daar sal aangetoon word hoe die tersaaklike liedere as gewyde kerkliedere ingeburger geraak het en mettertyd hulle sekulêre konnotasies verloor het. Ten slotte sal daar besin word oor die huidige denkrigtings ten opsigte van die gebruik van sekulêre melodieë in die hedendaagse liturgiese konteks (sekulêre versus geestelike musiek) en die herlewing van die kontrafaktuurpraktyk.

## 2. DIE KONTRAFAKTUURPRAKTYK

Die Latynse woord *contrafactum*[1] beteken letterlik om iets nuut of oor te maak[2]. In die himnologie word dit verstaan as die praktyk waar 'n sekulêre teks met 'n nuwe geestelike teks vervang word met behoud van die oorspronklike melodie, metrum en meesal ook die rymskema (Braun, 1966:89). In die Middeleeue was dit algemene praktyk onder die minnesangers. Die beroemde meestersanger van Nürnberg, Hans Sachs (1494-1576), het verskeie Christelike omdigtings gemaak van sekulêre tekste[3] met die bedoeling dat dit op die oorspronklike sekulêre melodie gesing sal word (Leaver, 2007:15). Daar word vermoed dat die melodie van die bekende kerklied WACHET AUF, RUFT UNS DIE STIMME (Lied 271, 427 en 587) verband hou met Sachs se sogenaamde "Silberweisse" (Brink & Polman, 1992:789).

Na die 15de eeu dui die term byna uitsluitlik daarop dat 'n sekulêre teks met 'n geestelike een vervang word, met behoud van die oorspronklike (sekulêre) melodie. Schalk (2004:244) skryf dat die Lutherse kerk in die 16de eeu meer as 170 kontrafakte gebruik het, die Gereformeerde kerk meer as 100 en die Duitse Katolieke kerk meer as 40. Hy vermeld ook dat versamelings wat uitsluitlik kontrafakte bevat het, nie ongewoon was in die 16de eeu nie. Bekende voorbeelde van sulke bundels is Heinrich Knaust se *Gassenhauer, Reiter- und Bergliedlein, Christlich moraliter und sittlich verändert* (Frankfurt am Main, 1571), Hermann Vespasius se *Neue christliche Gesänge und Lieder* (Lübeck, 1571) en Philip von Winnenburg se *Christliche Reuter Lieder* (Straatsburg, 1586) (Hennig: 1977:70, 78, 89; Blume, 1974:33). Hierin is "die beste van die ou Duitse liedere" omvorm tot geestelike liedere deurdat die tekste "Christelich und moralitêr verendert" is (Schalk, 2004:244; Hennig, 1977:78). Die skep van kontrafakte word dikwels in voorwoorde tot gepubliseerde bundels verduidelik en gemotiveer. In die Voorwoord tot Vespasius se versameling word aangevoer dat die jeug makliker op hierdie wyse betrek kan word aangesien hulle reeds die melodieë ken en dit daarom makliker sal onthou en gouer die tekste sal aanleer (Hennig, 1977:74). Volgens Vespasius het hierdie praktyk ook 'n pedagogies-religieuse doelstelling, naamlik om die skadelike sekulêre tekste te verdring en sodoende beter morele waardes by die mense tuis te bring (Hennig, 1977:105-106). Alhoewel daar teenstanders was van die praktyk (Falck, 1979:5-6), is daar ook positiewe opmerkings daaroor gemaak gedurende die

1 Falck (1979: 1-2) onderskei tussen kontrafak en parodie. Volgens hom word die gebruik van die twee terme bepaal deur die tydperk waarin dit voorkom. Voor 1500 is dit waarskynlik 'n kontrafak en in die 16de eeu 'n parodie. Braun (1966:93) verstaan onder parodie die uitbreiding van meerstemmige komposisies terwyl die kontrafak vir hom op dui op 'n eenstemmige gesang wat gebaseer is op 'n omvormde gedig. Vir die doel van hierdie artikel, wat handel oor eenstemmige kerkliedere, word die terme kontrafak/kontrafaktuur gebruik.

2 Contrafactum/contrafacere (Latyn).

3 'n Bekende voorbeeld is die lied "Rosina wo was dein Gestalt" wat "Christlich verendert, [is] von der erkenntnis Christi" na "O Christ wo was dein gestalt" (Leaver, 2007: 15). Die melodie, bekend as ROSINA, was wyd gebruik in Europa en duik selfs op in die *Souterliedekens* (Antwerp, 1540) as 'n toonsetting vir Psalm 35 (Leaver, 2007: 15).

17de en 18de eeu. Dit is belangrik om daarvan bewus te wees dat hierdie vroeë kontrafakte eerder bedoel was vir huislike gebruik (Hennig, 1977:34). Dit kom eers tereg as kerkliedere in die eredienste van Martin Luther as deel van sy strategie om die gemeente by die sang te betrek deur aansluiting by volksang.

## 3. LITERATUUROORSIG

Braun (1966) het 'n intensiewe studie gemaak van kontrafaktuurpraktyk in evangeliese liedere vanaf die laat-Middeleeue tot die Baroktydperk; en in sy omvattende werk oor Protestantse kerkmusiek behandel Blume (1974:29-35) enkele kontrafakte soos dit voorkom in Duitse kerkliedere. Hennig (1977) het 16de-eeuse kontrafakte in die liedere van die Reformasie deeglik ondersoek. In beide hierdie studies word ook verwys na die standaardbronne in die Duitse himnologie, naamlik dié van Wackernagel (1867) en Zahn (1963). Schalk (2004:243-245) bespreek kortliks die kontrafaktuur-praktyk en Leaver (2007) behandel die praktyk soos dit voorkom tydens die Reformasie.

Oor die kontrafaktuurpraktyk in Suid-Afrika is nie veel geskryf nie. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die reedsbestaande en geykte Duitse en Nederlandse kontrafakte bloot met Afrikaanse vertalings sonder verdere aanpassings oorgeneem is in Afrikaanse gesangboeke. Van der Walt (1962:44-46) vermeld ook die moontlikheid dat enkele Geneefse psalmmelodieë gebaseer kan wees op Franse chansons. Cillié (1982) toon in sy bespreking van die gesange uit die *Psalm-en-Gesangbundel* (1978) aan watter gesange kontrafakte is, sonder om veel dieper daarop in te gaan. Strydom (1994:62-63) verwys bloot na die kontrafaktuurpraktyk as bron vir enkele Reformatoriese liedere.

## 4. BESPREKING VAN LIEDERE

Vervolgens word ses melodieë en tekste uit die *Liedboek* (2001) wat as kontrafakte beskou word, bespreek. Daar is nog meer kontrafakte in die *Liedboek* soos byvoorbeeld Lied 340, 437 en 426/584. Die seleksie van die ses liedere vir hierdie artikel berus op die bekendheid en frekwensie van gebruik in die NG Kerk in Suid-Afrika en die ruimte wat die artikel toelaat[4]. Hierdie bespreking fokus op die invloed van sekulêre tekste en/of melodieë in die totstandkoming van latere geestelike liedere. Die migrasie van 'n melodie vanaf die sekulêre na die geestelike domein word ook aangedui.

### 4.1 Herz und Herz vereint zusammen

Die melodie HERZ UND HERZ VEREINT ZUSAMMEN[5] is ook bekend as O DU LIEBE MEINER LIEBE[6]. Cillié (1982:563) vermeld 'n derde titel, naamlik O GESEGNETES REGIEREN. Laasgenoemde teks kan teruggevoer word na 'n voorbeeld van Böhme[7] wat die melodie en teks "O gesegnetes regieren" aanhaal uit 'n *Herrhuter Choralbuch* (1784) (Vorderstemann[8], 2008:13). Böhme noem verder dat dit ook by die volgende koraaltekste gebruik word: "O du Liebe meiner Liebe" en "Jesu der du meine Seele" (Vorderstemann, 2008:13) – vandaar die alternatiewe benamings vir die melodie. Die melodie by Böhme[9] stem grootliks ooreen met dié in die *Liedboek* (sien onder andere Lied 260).

Die melodie kom wel vroeër in gesangboeke voor en daar word soms aangedui dat dit oorspronklik 'n volkslied ("Sollen nun die grünen Jahre") was. Watter melodie bedoel word, kan vandag nie meer vasgestel word nie (Vorderstemann, 2008:3). Brink & Polman (1998:684) dateer die melodie O DU LIEBE MEINER LIEBE as 1700 en wys ook op die moontlike verband met "Sollen nun die grünen Jahre". Die *Liedboek* en Cillié (1982:81,402) dui aan dat die melodie van Duitse oorsprong is en dateer dit as 1688. Hierdie datum kan verbind met die verskyning van die teks[10] "Sollen nun die grünen

4 'n Opvolgartikel word beplan waarin die orige kontrafakte bespreek sal word.

5 Zahn (1963d: #6767 en #6738) gee ander melodieë vir hierdie tekste wat geen ooreenkomste toon met die melodie soos dit in die *Liedboek* staan nie.

6 In hierdie artikel word himnologiese titels van melodieë volgens algemene gebruik met hoofletters gespel soos in Brink & Polman (1998) en Westermeyer (2010). Wanneer 'n titel binne aanhalingstekens staan, word verwys na die teks van 'n lied.

7 Volksthümliche Lieder der Deutschen im 18. und 19. Jahrhundert (Leipzig, 1895).

8 Vorderstemann (2008) het 'n deeglike studie gemaak van hierdie teks en melodie se historiese agtergrond.

9 Afgebeeld by Vorderstemann (2008: 13).

10 Die teks het wel dieselfde versmaat en rymskema as die latere geestelike tekste soos hierbo genoem.

Jahre" in die roman, *Die Asiatische Banise* van die Duitse skrywer Heinrich von Zigler Kliphausen (Vorderstemann, 2008:1).

*Sollen nun die grünen Jahre*
*Und der Unschuld Perlenkleid*
*Auf die schwarze Totenbahre*
*In die dunkle Ewigkeit?*
*Soll das Blut die Erde färben*
*Soll Banise nicht mehr sein*
*Und so jämmerlich verderben?*
*Himmel, das ist Seelenpein!*

***Voorbeeld 1: "Sollen nun die grünen Jahre" (Volkslieder Verzeignis, openbare besit)***

Die melodie O DU LIEBE MEINER LIEBE kom vir die eerste keer voor met 'n geestelike teks ("Ach wie kan doch sorgen ich") in die Katolieke *Bambergisches Gesangbuch* (1732) (Aufdemberge, 2002:133). Die titel van die melodie verwys egter na die aanvangswoorde van die teks soos dit voorkom in Johann Thommen (1711-1783) (Cyber Hymnal, s.a. (a)) se *Erbaulicher Musicalischer Christen-Schatz oder 500 Geistliche Lieder* (Basel, 1745) (Brink & Polman, 1998:684-485). Zahn (1963d: #6699) gee die volgende weergawe van die melodie en teks na aanleiding van hierdie uitgawe:




***Voorbeeld 2: "O du Liebe meiner Liebe", Zahn (1963d: #6699)***

Nie een van die bogenoemde Duitse kerkliedtekste is in die *Liedboek* (2001) opgeneem nie. Die melodie O DU LIEBE is egter heraangewend in Lied 260, waarvan die teks teruggevoer kan word na Jan Scharp (1756-1828) se Nederlandse teks "Ik geloof in God den Vader", wat handel oor die Geloofsbelydenis. Dit het in 1806 in die Nederlandse bundel *Evangelische Gezangen* verskyn. Hier het ons te make met 'n nuwe teks, wat geen verband hou met "O du Liebe meiner Liebe" nie en net in die versmaat en rymskema nog 'n verband toon met "Sollen nun". Die Nederlandse teks is deur Gustav Bernhard August Gerdener (1881-1967) (Cillié, 1982:547) in Afrikaans vertaal in die *Nuwe Halleluja* (1931:#122) as "Ek geloof in God, die Vader" en ook opgeneem in die *Afrikaanse Gesangbundel* (1944). Hierdie teks is gewysig deur Attie van der Colf vir die *Gesangboek* (1978) (Cillié, 1982:402) en is met wysigings oorgedra in die *Liedboek* [11]:




11 Al die liedere wat uit die *Liedboek* aangehaal word in hierdie artikel, word met toestemming gebruik. Lied 260, 270, 360, 557, 387, 492 en 495 is aangehaal uit die *Liedboek* van die Kerk. Kopiereg ©2012 Bybel-Media, Privaatsak X5, Wellington, 7654. (2 Oktober 2015.)




***Voorbeeld 3: "Ek glo vas in God die Vader" (Liedboek 260)***

Die melodie vind dieper ingang as kerklied met die gebruik daarvan by ander geestelike Duitse en Nederlandse tekste. Die melodie word ook gebruik by Lied 393 ("Middelpunt van ons verlange") en 570 ("Ure, dae, maande, jare") in die *Liedboek*. Hierdie tekste is vertalings uit die Nederlands soos dit voorkom in die *Evangelische Gezangen* (1608) – 'n bundel wat in Suid-Afrika gebruik is tot met die verskyning van die *Gesangbundel* (1944).

## 4.2 Sonne der Gerechtigkeit

Die titel van die melodie SONNE DER GERECHTIGKEIT stem ooreen met die aanvang van die Duitse teks wat vandag algemeen daarmee verbind word (Hymnary.org). Dit staan ook bekend as MENSCH ERHEBT DEIN HERZ ZU GOTT na aanleiding van die eerste geestelike teks (sien hieronder) en hierdie titel word as bron in die *Liedboek* by Lied 270 aangedui. Die melodie was oorspronklik 'n 15de-eeuse volkswysie wat teen 1467 in Boheme bekend was (Nüßell, 2008) met die teks "Der reich Mann war geritten aus" (Colquhoun, 1985:167-168; Brink & Polman, 1989:452-453). Die lied is ook opgeneem in Georg Forster (1510-1568) se *Schöner alter und newer Teutscher Liedlein* (Volume 5, Nürnberg, 1556) (Zahn, 1963a:#1974).




***Voorbeeld 4: "Der reich Mann was geritten aus"[12], transkripsie (Böhme, 1966:127)***

Die melodie verskyn vir die eerste keer met 'n geestelike teks "Mensch, erheb dein Herz zu Gott" in die Boheemse broeders se *Kirchen Geseng* (Ivanc^ice, 1566) (Aufdemberge, 2002:168-169).




***Voorbeeld 5: "Mensch, erheb dein Herz zu Gott", Boheemse Broeders, 1566 (Zahn, 1963a:#1974)***


12 By alle ou Duitse tekste wat in hierdie artikel as voorbeelde aangehaal word, word die spelling en gebruik van hoofletters weergegee volgens die oorspronklike bronne.

Die vroegste bron van die teks "Sonne der Gerechtigkeit" is 'n ou Latynse himne (4-9de eeu) wat in die 17de en 18de eeu deur die humaniste gewysig en in die *Breviarum Romanum* (Rome, 1632) opgeneem is onder die leiding van Pous Urban VIII (Colquhoun, 1985:506). Dit is gebruik vir vesperdienste tydens die Paastyd. Die Duitse teks "Sonne der Gerechtigkeit" is die produk van drie skrywers se bydraes: Christian David (1692-1751) (strofe 1), Christian Gottlob Barth (1799-1862) (strofes 2 en 4) en Johann Christian Nehring (1671-1736) (strofes 3 en 5) (Colquhoun, 1985: 507). Strofe 1 lui soos volg:

> *Sonne der Gerechtigkeit, gehe auf zu unsrer Zeit;*
> *brich in Deiner Kirche an, daß die Welt es sehen kann.*
> *Erbarm Dich, Herr.*

***Voorbeeld 6: "Sonne der Gerechtigkeit" (Liederdatenbank, openbare besit)***

Die Afrikaanse weergawe van die teks, "Son van die geregtigheid", is geskoei op die Duitse teks "Sonne der Gerechtigkeit" en is geskryf deur Andries Breytenbach vir die *Liedboek* (2001). Dit het ook 'n verwysing na die Bybelteks Maleagi 4:2.




***Voorbeeld 7: "Son van die geregtigheid", Liedboek 270***

## 4.3 Vom Himmel hoch da komm ich her

Martin Luther (1483-1546) het die eerste strofe van hierdie Kerslied gebaseer op die kringdansliedjie "Aus fremden Landen komm ich her". Dit is tradisioneel gebruik as 'n koortjie in 'n speletjie van raaisels[13] waarby 'n pand geneem is wanneer 'n raaisel nie opgelos kon word nie (Stulken, 1981:153-154).

> *Ich komm aus frembden landen her,*
> *und bring euch vilder neuen mär,*
> *Der neuen mär bring ich so vil,*
> *mer dann ich euch hie sagen wil*

***Voorbeeld 8: "Ich komm aus fremden Landen her" (Volksliederarchiv, openbare besit)***

Luther het die geestelike teks "Vom Himmel hoch" geskryf in 1534/35 na aanleiding van Lukas 2, vir sy familie se feesvieringe op Oukersaand (Watson, s.a (b)). Dit het 15 strofes gehad, waarvan die eerste een duidelik gebaseer is op die volksliedjie (Sien Voorbeeld 8) (Zahn, 1963a:97). Dit is vir die eerste

13 Korth (2005: 145-146) beskryf hierdie speletjie in besonderhede.

keer gedruk in Joseph Klug se *Geistliche Lieder aufs neu gebessert* (Wittenberg, 1535) (Aufdemberge, 2002:57).

Die Lutherse teks is aanvanklik gesing op die melodie van die oorspronklike volkslied, "Aus fremden Landen kom ich her" (Korth, 2005:141ff). Zahn gee die volgende melodie hiervoor, soos dit voorkom in Klug se *Geistliche Lieder* (1535):




***Voorbeeld 9: "Vom Himmel hoch" (Zahn, 1963a:#344a)***


Hierdie melodie is later vervang met 'n nuwe een wat die titel VOM HIMMEL HOCH gekry het na aanleiding van die eerste reël van Luther se teks. Verskeie kenners is van mening dat die melodie deur Luther self[14] geskryf kon wees (Colquhoun, 1985:42; Stulken, 1981:154; Brink & Polman, 1998:489). Hierdie melodie met Luther se teks is vir die eerste keer gepubliseer in Valentin Schumann se *Geistliche Lieder auffs new gebessert und gemehrt* (Leipzig, 1539) (Watson, s.a).




***Voorbeeld 10: "Vom Himmel hoch" (Zahn, 1963a:#346)***

Die weergawe van die melodie in die *Halleluja* (1951) en die *Gesangboek* (1978) is isoritmies maar in die *Liedboek* (2001) is die oorspronklike ritme herstel met die behoud van die melisma (vereenvoudig) in die slotkadens en die verkorte opslagmaat (sien Voorbeeld 9).

Die "Vom Himmel hoch"-teks van Luther is in Afrikaans verwoord deur Izak de Villiers en in die *Gesangboek* (1978:#82) opgeneem. De Villiers se teks verskyn in die *Liedboek* met geringe wysigings en is ingekort tot 3 strofes.




14 Die himnologiese besonderhede in die *Liedboek* dui aan dat dit wel die geval is. Volgens Korth (2005: 142) het Luther nie die melodie geskryf nie.




***Voorbeeld 11: "Vanuit die hemel is gebring", Liedboek 360***

'n Ander teks wat met hierdie melodie vereenselwig word, verskyn in Afrikaans in die *Gesangbundel* (1944:#111) en die *Halleluja*[15] (1951:#30): "Dit is die dag, deur God geskenk". Hierdie teks is oorspronklik deur Paul Gellert (1715-1769) geskryf, naamlik "Dies ist der Tag den Gott gemacht" en is in sy *Geistliche Oden und Lieder* (Leipzig, 1757) gepubliseer (Watson, s.a. (a)). 'n Gewysigde weergawe van hierdie teks deur Izak de Villiers is in die *Gesangboek* (1978) sowel as die *Liedboek* (2001:#336) opgeneem.

VOM HIMMEL HOCH word ook by die volgende liedere in die *Liedboek* gebruik: 104 en 405. Lied 405 is ook gebaseer op Gellert se teks sowel as die Nederlandse vertaling daarvan deur Ahasverus van den Berg uit die *Evangelische Gezangen* (1806): "Herinnert u met vreugd, mijn geest!"

## 4.4 O Welt, ich muss dich lassen

Die melodie O WELT, ICH MUSS DICH LASSEN, is 'n merkwaardige *contrafactum* en word met verskeie liedtekste geassosieer. Die bron vir die melodie is die boonste lyn (cantus) van 'n vierstemmige kunslied deur Heinrich Isaac (c.1450-1517) wat gepubliseer is in George Forster (1510-1568) se versameling *Ein Ausszug guter alter newer Teutscher Liedlein* (Nürnberg, 1539) (Aufdemberge, 2002:595; Stulken, 1981:302-303). Na aanleiding van die sekulêre teks "Innsbruck, ich muss dich lassen" staan die melodie ook bekend as INNSBRUCK (Colquhoun, 1985:307).




***Voorbeeld 12: "Innsbruck ich muss dich lassen", transkripsie van Isaac se melodielyn (1539)***

In 'n Gesangbuch (Nürnberg, 1569) word die melodie gepubliseer met Johann Hesse (1490-1547) se sterwenslied "O Welt, ich muss dich lassen", wat 'n religieuse aanpassing was van die oorspronklike sekulêre teks (Aufdemberge, 2002:595; Watson s.a (c)). Zahn (1963b:63) gee die volgende voorbeeld van die geestelike teks met die INNSBRUCK-melodie, soos dit voorkom in die uitgawe van Forster:

15 Vertaler onbekend.




***Voorbeeld 13: "O Welt, ich muss dich lassen"[16] (Zahn, 1963b:#2293a)***

Die melodie is waarskynlik ouer as Isaac se weergawe en dateer moontlik uit die middel van die 15de eeu[17]. Dit word reeds aangetref in 'n manuskrip van 1505 waar dit verbind word met 'n himne vir St Anna en St Joachim (Van der Leeuw, 1977:864-866; Stulken, 1981:302). In 1605 verskyn 'n vierstemmige harmonisasie van die melodie deur Bartholomäus Gesius (1551/62-1613) (Hornby, s.a.).

As kerklied neem die melodie verder in gewildheid toe in verbinding met die teks "O Welt, sieh hier dein Leben" van Paul Gerhardt (1607-1676). Teen die tyd dat dié lied in Johann Crüger (1598-1662) se *Praxis Pietatis Melica* (Berlyn, 1647) gepubliseer is (Aufdemberge, 2002:139), het die melodie 'n isoritmiese gestalte aangeneem. Die geritmiseerde weergawe wat in die *Liedboek* aangetref word, is nader aan Isaac se weergawe (sien Zahn, 1963b:63-65).

Later word die melodie geassosieer met Paul Gerhardt se aandlied "Nun ruhen alle Wälder" (Colquhoun, 1985:307) wat ook gepubliseer is in Crüger se *Praxis Pietatis Melica* (1648) (Hymnary.org). Die teks lui soos volg:

*Nun ruhen alle Wälder,*
*Vieh, Menschen, Städt' und Felder,*
*Es schläft die ganze Welt;*
*Ihr aber, meine Sinnen,*
*Auf, auf, ihr sollt beginnen,*
*Was eurem Schöpfer wohlgefällt!*

***Voorbeeld 14: "Nun ruhen alle Wälder", Paul Gerhardt (Bach Cantatas, openbare besit)***

Hierdie teks van Gerhardt is wel opgeneem in die *Liedboek*. Die Duitse teks is aanvanklik deur Johannes Baumbach (1875-1961) in Afrikaans vertaal en opgeneem in sy sendinggesangboek **Cantate** (1934) (Cillié, 1982:353). Izak de Villiers het die teks hersien en dit is as "Hoor, Heer, ons aandgebede" geplaas by Gesang 350 in die *Gesangbundel* (1978) (Cillié, 1982:535). De Villiers se teks is met geringe wysigings in die tweede strofe opgeneem in die *Liedboek* (2001:#577).

16 Hierdie teks verskyn nie in die *Liedboek* nie.

17 Zahn (1963b:63) noem dat die melodie soos dit verskyn in Forster se bundel van 1539 moontlik van H Flaak (?) stam maar verskaf geen verdere besonderhede nie.




*Voorbeeld 15: "Hoor, Heer, ons aandgebede", Liedboek 557*

## 4.5 Herzlich tut mich verlangen

Die melodie HERZLICH TUT MICH VERLANGEN verskyn oorspronklik in Hans Leo Hassler (1564-1612) se *Lustgarten neuer teutscher Gesänge, Balletti, Galiarden und Intraden* (1601) as die toonsetting van 'n sekulêre teks, "Mein Gmüt ist mir verwirret" (Stulken, 1981:215).




*Voorbeeld 16: "Mein Gmut ist mit verwirret", transkripsie uit Lustgarten, Hassler, 1601*

Vroeg in die 17de eeu word die melodie verbind met Christoph Knoll (1563-1630?)[18] se begrafnislied "Herzlich tut mich verlangen" in *Harmoniae Sacrae, Vario Carminum Latinorum et Germanicorum genere* (derde uitgawe, Görlitz, 1613) (Aufdemberge, 2002:130-131). In 1625 verskyn die melodie ook in kombinasie met Johann Hermann Schein (1586-1630) se teks "Ach Herr, mich armen Sünder" en later ook in Johann Crüger se *Praxis Pietatis Melica* (1656), waar dit verbind is met Paul Gerhardt se teks "O Haupt voll Blut und Wunden". Die melodie staan deesdae ook bekend as PASSION CHORALE of O SACRED HEAD, na aanleiding van die Engelse vertaling van die teks wat in 1849 geskryf is deur James W Alexander (1804-1859): "O sacred head now wounded" (Stulken, 1981:215-217; Brink & Polman, 1998:539).

Die teks van hierdie beroemde lydenslied neem ons terug na die Middeleeue en is gebaseer op 'n lang Latynse gedig, "Salve mundi salutare", wat algemeen aan Bernard van Clairvaux (1091-1153)

18 Knoll se sterfdatum is onseker. Sommige bronne dui dit aan as 1621.

toegeskryf word. Die gedig is onderverdeel in 7 dele, wat onderskeidelik gewy word aan die voete, knieë, hande, sy, bors, hart en gesig van die sterwende Jesus. Dit is gebruik vir meditasie gedurende die Lydensweek (Knight, 1993:96-97). Die 7de deel, "Salve caput cruentatum", handel oor die gesig of hoof van Jesus. Gerhardt het al 7 dele in Duits vertaal en die sewende deel het bekend geword as "O Haupt voll Blut und Wunden". Dit is gepubliseer in Johann Crüger se *Praxis Pietatis Melica* (1656) (Brink & Polman, 1988:539-540).

Gerhardt se lydenslied is in 1868 in Nederlands vertaal vir die *Vervolgbundel*[19] deur Bernard ter Haar (1806-1880) (Cillié, 1982:232). Hierna volg die eerste Afrikaanse vertaling deur Eduard Christiaan Pienaar (1882-1949) (Cilliers, 1982:232), wat as Gesang 121 in die *Gesangbundel* (1944) verskyn het: "O hoof bedek met wonde". Die teks is herdig deur Attie van der Colf (1932-2002) vir die *Gesangbundel* (1978), waar die aanvang lui: "O Heer, uit bloed en wonde". Hierdie teks is met geringe wysigings en weglating van strofe 3 uit die 1978-weergawe opgeneem in die *Liedboek*:




***Voorbeeld 17: "O Heer, uit bloed en wonde", Liedboek 387.***

Die karakter van die melodie leen hom daartoe om by verskillende tekste gebruik te word. So is dit die toonsetting van verdere lydenstekste vir Lied 388 en 389 en ook die skuld- en klaaglied Psalm 143 uit die *Liedboek* (2001). Deur die meermalige gebruik van 'n kontrafak-melodie raak die melodie ingeburger as kerklied.

## 4.5 In dir ist Freude

Hierdie melodie, wat na aanleiding van die latere Duitse teks bekend staan as IN DIR IST FREUDE, kom uit *Balletti a cinque voce* (Venesië, 1591) van die Italiaanse priester en komponis, Giovanni Giacomo Gastoldi (c 1556-c 1622). Hierin was dit die toonsetting van 'n vyfstemmige sekulêre *balletto* "L'ínnamorato – Alieta vita, Amor ciinuita" (Hymnary.org). Die melodie reflekteer die invloed van die gewilde Italiaanse *Balletto* – 'n dansagtige lied wat dikwels 'n *Fa-la-la*-refrein aan die eindes van seksies het (Stulken, 1981:557; Hymnary.org).




19 Hierdie bundel het gevolg op die Nederlandse Evangelische Gezangen (1806).




***Voorbeeld 18: "A Lieta vita Amor ciinuita" (Canto), transkripsie uit Gastoldi, Balletti, 1591*[20]**

Johann Lindemann (1549-1631), kantor in Gotha (Van der Leeuw, 1977:1096-1097), publiseer Hassler se melodie met 'n Duitse geestelike teks "In dir ist Freude", in sy versameling *Amorum Filii Dei Decades Duae*[21] (Erfurt, 1598)[22]. In hierdie teks is sommige Fa-la-la-refreine vervang met die woord "Halleluja" (Brink & Polman, 1988: 741). Die melodie verkry sy himnologiese titel van hierdie teks:


*In dir ist Freude,*
*in allem Leide,*
*o du süßer Jesu Christ!*
*durch dich wir haben*
*himmlische Gaben,*
*du der wahre Heiland bist.*

*Hilfest von Schanden,*
*rettest von Banden;*
*wer dir vertrauet,*
*hat wohl gebauet,*
*wird ewig bleiben.*
*Halleluja.*

*Zu deiner Güte*
*steht unser G'müte.*
*An dir wir kleben*
*in Tod und Leben,*
*nichts kann uns scheiden.*
*Halleluja.*

***Voorbeeld 19: Lindemann*[23]*: "In dir ist Freude" uit Amorum Filii Dei (Liederdatenbank, openbare besit)***

Die Afrikaanse weergawe in die *Liedboek* is geskryf deur Elsabé Kloppers en is gebaseer op Romeine 8: 31-39. Hierdie teks bevat slegs vlugtige verwysings na Lindemann se teks en kan dus as 'n oorspronklike teks gereken word. Die melodie IN DIR IST FREUDE is onveranderd behou.




20 Die oorspronklike druk wat vir hierdie navorsing gebruik is, is 'n internetweergawe wat beskikbaar gestel is deur die Bibliotheque Nationale de France: www.gallica.bnf.fr.

21 Volledige titel: *Amorum Filii Dei Decades Duae: Das ist Zwantzig liebliche und gantz anmutige lateinische und deutsche newe Jharss oder Weyhenachten Gesenglein.*

22 Alhoewel die datum 1598 algemeen in bronne aangedui word, was daar reeds uitgawes van hierdie bundel in 1594 en 1596 (Hymnary.org).

23 Die melodie wat Zahn (1963e:#8538) aangee by hierdie teks, is nie die een van Gastoldi nie. Zahn (1963e:#8537) verbind wel die Gastoldi-melodie met die teks "O Gott, mein Herre". In sy kommentaar vermeld hy wel dat die teks van Lindemann op die melodie van Gastoldi gesing word (Zahn, 1963e:224).




***Voorbeeld 20: "In U is vreugde", Liedboek 492***


## 4.6 Jesu meine Freude

Die oorspronklike Duitse teks is 'n sekulêre lied, "Flora, meine Freude, meiner Seelenweide"[24], wat verskyn het in Heinrich Albert (1604-1651) se *Arien oder Melodeyen*[25] (Deel IV, Königsberg, 1641) (Stulken, 191:485).

> *Flora, meine Freude,*
> *Meiner Seelen Weide,*
> *Meine ganze Ruh',*
> *Was mich so verzükket,*
> *Und den Geist bestrikket,*
> *Flora, das bist du.*
> *Deine Pracht Glänzt Tag und Nacht*
> *Mir vor Augen und im Herzen*
> *Zwischen Trost und Schmerzen.*

***Voorbeeld 21: "Flora, meine Freude" uit Arien oder Melodyen, Albert, 1641***

Die geestelike teks "Jesu meine Freude" is in 1650 geskryf deur Johann Franck (1618-1677) en vir die eerste keer gepubliseer in Crüger se *Praxis Pietatis Melica* (Berlyn, 1653). Hierin is dit verbind met 'n melodie van Crüger wat na aanleiding van Franck se teks bekend staan as JESU MEINE FREUDE (Van der Leeuw, 1977:967-969).





***Voorbeeld 22: "Jesu meine Freude" uit Praxis Pietatis Melica, 1653 (Zahn,1963d:#8032)***

24 Die lied het hier 'n ander melodie wat geen ooreenkomste toon met die latere melodie van J Crüger nie. Sien: www.conquest.imslp.info/files/imglnks/8/88/ISLMP47180-PMLP100374-Albert-H-Arien.

25 Volledige titel: Arien oder Melodeyen Etlicher theils Geistlicher / theils Weltlicher / zur Andacht / guten sitten / keüscher Liebe und Ehrenlust dienender Lieder.

Die eerste Afrikaanse vertaling van Franck se teks word aangetref in die bundel *Cantate* (1934) en is geskryf deur eerwaarde Johannes Baumbach (Cillié, 1982:543). Izak de Villiers het 'n vrye weergawe daarvan gemaak wat in die *Gesangbundel* (1978) opgeneem is as Gesang 181: "Jesus, U verbly my" (Cillié, 1982:311-12). Hierdie teks is onveranderd gepubliseer in die *Liedboek* (Lied 495):




***Voorbeeld 23: "Jesus, U verbly my", Liedboek 495***

Die melodie word by nog 2 liedere in die *Liedboek* gebruik – Lied 412 en 496. Albei hierdie tekse is geskryf deur Elsabé Kloppers.

## 5. SEKULÊRE VERSUS GEESTELIKE IN DIE KERKLIED

Die kontrafaktuurpraktyk bring onwillekeurig die eeue-oue debat oor geestelike en sekulêre musiek in die erediens na vore. Die blyk dat melodieë van bekende (sekulêre) liedere alreeds in die Bybelse tyd benut is. Die leser word verwys na aanwysings vir die musiekleier dat sekere psalms "op die wysie van ..." gesing moet word. Psalms wat hier betrekking het, sluit in Psalm 9 ("By die dood van die seun"), Psalm 22 ("Die wildsbok van die daeraad"), Psalm 45/69/80 ("Lelies") en Psalm 58/75 ("Moet dit nie verwoes nie") (Bybel, 1983). Dis opvallend dat bepaalde melodieë ook by meer as een psalm gebruik is. Dit dui op 'n pragmatiese benadering, wat in latere periodes steeds geld, naamlik dat bekende melodieë die geestelike teks meer toeganklik maak en die lied dus gouer aangeleer kan word. In die vroeë Christelike kerk is opdrag gegee dat psalms, himnes en geestelike liedere gesing moet word (Efesiërs 5:19 en Kolossense 3:16) maar daar is geen inligting oor hoe die geestelike liedere ontstaan het en watter melodieë gebruik is nie. Oor hierdie kwessie was daar ook tweespalt in die tyd van Augustinus, wat die indringing van sekulêre musiek in die gemeentesang (himnes) sterk veroordeel het. In sy tyd het veral sektariese bewegings hiervan gebruik gemaak om hulle leerstellings te verkondig. Soos hierbo aangetoon het Luther self van sekulêre melodieë gebruikgemaak. Daarteenoor het Calvyn besonder sterk standpunt ingeneem teen die sing van sekulêre melodieë in die kerk en aan huis (sien ook Barber, 2006).

Dit is egter nie so maklik om duidelike onderskeide te tref tussen gewyde en sekulêre musiek nie aangesien hierdie terme gedurig wedersyds betekenisveranderinge ondergaan vanweë komplekse kruisinvloede van musiek oor die eeue heen (Saliers, 2007:55). Dit is maklik, maar 'n oorvereenvoudiging, om alle kommersieële populêre musiek as sekulêr te tipeer en alle musiek wat in kerke gehoor word as gewyd (Kloppers, 2015: 105; Saliers, 2007:55). Dit lei volgens Kloppers (2015) meesal tot 'n simplistiese benadering van "gewyd" teenoor "sekulêr". Kloppers spreek hom uit teen hierdie sogenaamde dualistiese benadering. Hy maak die stelling dat watter tipe musiek ook al gebruik word in die erediens, funksioneel moet wees (Kloppers, 2015: 105; sien ook Kruger, 2002). Kloppers (2015: 105) verwerp ook die siening dat gewyde klassieke kerkmusiek teenoor moderne sekulêre musiek staan. Volgens hom, in aansluiting by Dooyeweerd, deel alle musiek bepaalde kwaliteite, wat onder andere estetiese, etiese, sosiale en historiese aspekte insluit (Kloppers, 2015: 113).

Saliers (2007:59) reken dat daar nie met hierdie "dichotomies" tussen sogenaamde sekulêre en gewyde musiek gewerk behoort te word nie maar eerder aandag gegee te word aan die sakraliteit ("sacrality") van musiek "wherever and whenever we are moved out of ourselves and our habitual, common-sense world". Chang & Lim (2009: 395) is van mening dat 'n rigiede grens tussen die sekulêre en die gewyde "does not capture the rich exchange between the two, nor the effort by religious actors [byvoorbeeld gemeentelede, predikers en kerkmusici] to appropriate 'secular' practices for 'sacred' goals". Musiek word as gewyd getipeer wanneer dit binne 'n bepaalde sakrale ruimte (plek van aanbidding) en sosiale ritueel (soos in die erediens) uitgevoer word (Collins, 1988: 190-191). Wat die kerklied aanbetref, kan die teksinhoud hierdie sakraliteit bevestig en versterk.

Gedurende die "worship wars" van die laaste twee dekades van die 20ste eeu het hierdie vraagstuk weereens ter sprake gekom en is groot verdeeldheid binne kerkgeledere gesaai oor die gebruik van sekulêre musiekstyle in die kerkmusiek (Long, 2001; Saliers, 2007:57). Dit is nou reeds bekend dat gemeentes hierdie saak op verskeie wyses hanteer en opgelos het. Hierin het die aanknoping by die verskillende spiritualiteitstipes (sien Ware, 1995) en die daaruit voortvloeiende variërende erediensstyle 'n groot rol gespeel.

## 6. VOORTSETTING VAN DIE KONTRAFAKTUURPRAKTYK IN DIE 20STE EN 21STE EEU

Na die bloeitydperk van die kontrafaktuurpraktyk in die 16de eeu volg daar 'n afplatting gedurende die volgende paar eeue, maar die praktyk herleef skynbaar weer in die 20ste en 21ste eeu. Saliers (2007:59) beskryf hierdie tendens as "wide musical eclecticism" en skryf dit onder andere toe aan die feit dat kerke gekonfronteer word om keuses te maak oor die geskiktheid van die wye spektrum van musiekstyle vir aanbidding. 'n Bewustheid van die veelheid van musiekstyle kompliseer, maar verryk ook die moontlikhede vir die kerkmusiek (Saliers, 2007:59). Talle populêre liedmelodieë word voorsien van religieuse tekste (Schalk, 2004:245), byvoorbeeld waar die melodie van "The Green Barets" gebruik word vir die sing van die teks "Neem my lewe laat dit Heer" (*Liedboek* 308). 'n Verdere voorbeeld van kontrafaktuur word waargeneem in die uiters gewilde "Oorwinningslied" in navolging van die Engelse teks: "Glory, glory Halleluja". Die teks is oorspronklik in 1861 geskryf deur Julia Ward Howe (1819-1910) as aansporing vir soldate tydens die Amerikaanse Vryheidsoorlog op 'n melodie van William Steffe: "John Brown's body" (Cyber Hymnal, s.a.(b)). Die lied is in die FLAM-korpus[26] opgeneem as FLAM 57, met 'n Afrikaanse vertaling deur Piet Smit: "Ek sien in my gees die glorie en die almag van die Heer".

Ook melodieë uit groter simfoniese werke word aangewend vir die skepping van nuwe kerkliedere. Een voorbeeld is die tema van "Ode an die Freude" uit L von Beethoven se Negende Simfonie (Opus 125), wat wyd in liedboeke voorkom onder die titel "Ode to joy". Dit het ook 'n plek gevind in die *Liedboek* as 'n toonsetting van 1 Korintiërs 13 in Lied 530: "Praat ek mense-, eng'letale". 'n Ander voorbeeld is die melodie THAXTED uit orkessuite *The Planets* (Opus 32) van Gustav Holst (Westerfield Tucker, 2009:9). Dit is opgeneem in verskeie liedboeke, met 'n teks van Michael Perry (1942-1996): "O God, beyond all praising" (Hymnary.org). Nog 'n bekende kerklied in hierdie kategorie is gebaseer op die Largo uit A Dvořák se Nuwe-wêreldsimfonie (Opus 95): "Going home"[27]. Hierdie melodie staan bekend as NEW WORLD (hymnary.org). Die melodie van die nou geliefde lied "Be still my soul" kom weer uit J Sibelius (1865-1957) se orkessuite *Finlandia* (Opus 26) en die melodie dra dan ook die naam FINLANDIA. THAXED en NEW WORLD kom nie in die *Liedboek* voor nie maar FINLANDIA is wel opgeneem in die VONKK[28]-corpus[29].

---

26 www.flam.co.za

27 Hall (s.a.) toon aan dat die melodie geinspireer is deur Amerikaanse volksmusiek maar dat dit ook aanklank vind by Boheemse volksmusiek. Hy meen dat die melodie inderwaarheid geskryf is deur Dvǒrák se leerling Williams Arms Fisher (1861-1948) en deur Dvǒrák aangepas is. Sommige kenners skryf die "spiritual" toe aan ene Harry Burleigh.

28 Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek. www.vonkk.co.za.

29 "Wees stil en weet", VONKK 123. Die Afrikaanse teks, geskryf deur Jacques Louw in 2010, is gebaseer op die Duitse teks "Stille, mein Wille!" van Katharina von Schlegel (1697-1768), wat in 1752 in die *Neue Sammlung Geistlicher Lieder* verskyn het, en die Engelse teks "Be still my soul" van Jane Borthwich (1814-1897) (Hymns without words, s.a.; Cyber Hymnal, s.a.(a)).

## 7. SAMEVATTING

In hierdie artikel is ondersoek hoe enkele liedere wat vandag as Protestantse erfgoed gereken word, hulle oorsprong in sekulêre tekste en/of melodieë gehad het. Daar is aangetoon hoe die betrokke liedere mettertyd as kerkliedere ingeburger geraak het deur publikasies daarvan met verskillende geestelike tekste. Die afleiding is gemaak dat hoe verder die geestelike lied histories verwyder raak van die oorspronklike sekulêre bron, hoe swakker word die band en assosiasie met laasgenoemde. Die feit dat een melodie soms met verskillende geestelike tekste verbind word (sien byvoorbeeld Lied 387 en 577), dra verder daartoe by dat die lied as kerklied wyer inslag vind en dat die assosiasie met die sekulêre bron vervaag. Doggett (soos aangehaal in Williams, 2005:153) stel dit soos volg: "... the continued use of a tune in religious context usually overshadows any dubious past connections, and often so much so that the tune begins to take on a sacred aura all of its own". Die aanwending van 'n kontrafakmelodie by verskillende nuwe tekste (sien Lied 412 en 496, waar die melodie JESU MEINE FREUDE telkens gebruik word), beklemtoon weereens die funksionaliteit van so 'n melodie. Duitse geestelike liedere wat as kontrafakte gereken word, is op hierdie wyse oorgedra en het inslag gevind het in Nederlandse en Afrikaanse gesangbundels in vertaalde vorm waar dit nou deel uitmaak van die Protestantse kerkliederfenis.

Die eeue-oue kontrafaktuurpraktyk vorm 'n interessante deel van die Protestantse himnodie en het melodieë/tekste opgelewer wat die kerkliedskat verryk het. Een voorbeeld waarna hier verwys kan word, is die melodie HERZLICH TUT MICH VERLANGEN, waarsonder die seisoen van die lydenstyd in die kerkjaar byna ondenkbaar is. Die praktyk duur voort, maar net die tyd sal leer watter van die moderne kontrafakte in waardige kerkliedere sal ontwikkel.

## 8. BIBLIOGRAFIE


Aufdemberge, C.T. 2002. Christian Worship Handbook. Milwaukee: Northwestern Publishing House.

Barber, J. 2006. Luther and Calvin on music and worship. *Reformed perspectives magazine*. cornerstone-presbyterian.org. Datum van gebruik 7 Augustus 2016.

Bach Cantatas. s.a. www.bach-cantatas.com/CM/O-Welt-ich-muss.htm. Datum van gebruik: 10 Desember 2014.

Blume, F. 1964. Protestant church music a history. New York: W.W. Norton & Company.

Böhme, F.M. 1966. Altdeutsches Liederbuch. Volkslieder der Deutschen nach Wort und Weise aus dem 12. bis zum 17. Jahrhundert. Reprografiese nadruk van die uitgawe, Leipzig, 1877. Hildesheim: Georg Olms.

Brauer, J.L. 2014. Musica Contrafacta: Can secular melodies be recycled for new hymn texts? *Missio Apostolica*. Internetweergawe: http://www.Isfmissiology.org. Datum van gebruik: 26 Maart 2014.

Braun, W. 1966. Die evangelische Kontrafaktur: Bemerkungen zum Stand ihrer Forschung. *Jahrbuch für Liturgik und Hymnologie*, 11: 89-113.

Brink, E. & Polman, B. (Reds). 1988. Psalter hymnal handbook. Grand Rapids: CRC Publications.

Bybel. 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Cillié, G.G. 1982. Waar kom ons Afrikaanse gesange vandaan? Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers

Chang, P.Y. & Lim, D.T. 2009. Renegotiating the sacred-secular binary: IX saves and contemporary Christian music. Review for Religious Research 50(4): 392-421. URL: http://www.jstor.org/stable/25593755. Datum van gebruik: 10 Augustus 2016.

Collins, R. 1988. Theoretical sosiology. San Diego: Harcourt Brace Jovanovich Publishers.

Colquhoun, F. 1985. A hymn companion: insight into three hundred Christian hymns. London: Hodder and Stoughton.

Cyber Hymnal. s.a. (a). Elektroniese weergawe: http://www.cyberhymnal.org/bio/t/h/thommenj.htmse. Datum van gebruik: 27 September 2015.

Cyber Hymnal. s.a (b). Elektroniese weergawe: http://www.cyberhymnal.org/htm/b/h/bhymnotr.htm. Datum van gebruik: 16 Oktober 2015.

Die Afrikaanse Gesangbundel. 1944. Kaapstad: S.A. Bybelvereniging.

Die Psalm- en Gesangbundel. 1978. Die Evangeliese Gesange om saam met die berymde Psalms by die openbare erediens gebruik te word. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Doukan, L. 1996. Historical perspectives on change in worship music. *Ministry*: 28:7-9. September.

Falck, R. 1979. Parody and contrafactum: A terminological clarification. *The Musical Quarterly*, 65 (1): 1-21. Januarie.

Falck, R. & Picker, M. 2001. Contrafactum. In: *The new Grove dictionary of music and musicians,* volume X: 367-370.

Gastoldi, J. 1596. Balletti a cique voci. Elektroniese weergawe: www.imslp.org/wiki/File:PMLP170146-Gastoldi_Canto.pdf

Hall, R.L. s.a. www.americanpreservation.com/GoingHome.htm. Datum van gebruik 25 November 2015.

Hassler, H. L. 1601. Lustgarten neuer Teutscher Gesäng/Balletti/Galliarden und Intraden. Elektroniese weergawe: http://petrucci.mus.auth.gr/imlnks/c/c3/IMSLP-PMLP90465. Datum van gebruik: 14 Maart 2015.

Hennig, K. 1977. Die geistliche Kontrafaktur im Jahrhundert der Reformation. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

Hornby, E. s.a. "Bartholomäus Gesius." *The Canterbury Dictionary of Hymnology.* Canterbury Press. Elektroniese weergawe: http://www.hymnology.co.uk/b/bartholomaeus-gesius. Datum van gebruik: 21 Augustus 2015.

Hymnary.org. s.a. A comprehensive indexs of hymns and hymnals. http://www.hymnary.org/text/**nun_ruhen_alle**_wlder_vieh_menschen_stdt. Datum van gebruik: 28 September 2015.

Hymns without words. s.a. Internetweergawe: http://www.hymnswithoutwords.com/hymns/Category:Katharina_Amalia_Dorothea_von_Schlegel. Datum van gebruik: 14 Oktober 2015.

Isaac, H. 1539. Innsbruck ich muss dich lassen. www.imslp.org/wiki/File:WIMA.e620-Innsbruck.pdf

Kisskalt, M. 2007. "Sonne der Gerechtigkeit". In Festschrift für Günter Balders zum 65. Geburtstag. Wuppertal: Verlag Singende Gemeinde. Internet weergawe: https://www.th-elstal.de/.../Michael-Kisskalt-Sonne-der-Gerechtigke*. Datum van gebruik: 15 Augustus 2016.*

Kloppers, J. 2015. Dualistiese benaderings ten opsigte van musiek en kerkmusiek. *Vir die Musiekleier* 35(42): 99-111.

Knight, C. 1993. A companion to Christian hymns. Evangelical movement of Wales, Bryntition, Bridgend.

Korth, H. 2005. Zur Erstehung von Martin Luthers Lied "Vom Himmel hoch, da komm' ich her". *Jahrbuch für Liturgik und Hymnologie*, 44: 139-154. http://www.jstor.org/stable/24239793.

Kruger, D. 2002. Die funksionaliteit van die laat twintigste-eeuse kerklied. *In die Skriflig*, 36(1):19-43.

Kruger, D. 2007. A high degree of understanding and tolerance: Veranderende denke oor die hedendaagse kerkmusiek. *Vir die Musiekleier*, 27(34):17-25.

Liedboek van die Kerk. 2001. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Liederdatenbank. s.a. Elektroniese weergawe: http://www.liederdatenbank.de/song/272. Datum van gebruik: 26 Augustus 2015.

Leaver, R.A. 2007. Luther's liturgical music. Grand Rapids: William Eerdmanns Publishing Company.

Long, T.G. 2001. Beyond the worship wars. New York: The Alban Institute Inc.

Nüßell, F. 2008. Predigt zum Lied „Sonne der Gerechtigkeit" (EG 262) im Universitätsgottesdienst am 22. Juni 2008 in der Peterskirche Heidelberg. Internet weergawe: http://www.theologie.uni-heidelberg.de/universitaetsgottesdienste/2206_ss08.html. Datum van gebruik: 15 Augustus 2016.

Saliers, D.E. 2007. Music and theology. Nashville: Abingdon Press.

Schalk, C. (Red.) 2004. Key words in church music. St. Louis: Concordia Publishing House.

Strydom, W.M. 1994. "Sing nuwe sange, nuutgebore" Liturgie en Lied. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Stulken, M.K. 1981. Hymnal companion to the Lutheran Book of Worship. Philadelphia: Fortess Press.

Van der Leeuw, G. 1977. Een compendium van achtergrondsinformatie by de 491 Gezangen uit het Liedboek voor de Kerken. Amsterdam: Prof Dr. G van der Leeuw-stichting.

Van der Walt, J. J. A. 1962. Die Afrikaanse psalmmelodieë. Potchefstroom: Pro Rege Pers Beperk.

Volksliederarchiv. s.a. http://www.volksliederarchiv.de/text592.html.

Volkslieder Verzeignis. Folkslieder and other folk songs genealogy. http://ingeb.org/volksong.html.

Vorderstemann, K. 2008. Sollen nun die grünen Jahre. Ausführlicher Kommentar zur Liedgeschichte. In: *Populäre und tradisionelle Lieder. Historisch-kritisches Liederlexikon.* URL: www.liederlexikon.de/lieder/sollen_nun_die_gruenen-jahre/liedkommentar.pdf. Datum van gebruik: 15 September 2015.

Wackernagel, P. 1867. Das deutsche Kirchenlied von der ältesten Zeit bis zu Anfang des XVII. Jahrhundert. Leipzig: Verlag B.G. Teubner.

Ware, C. 1995. Discover your spiritual type: a guide to individual and congregational growth. New York: Alban Institute

Watson, J. R. s.a. (a). "Dies ist der Tag, den Gott gemacht." *The Canterbury Dictionary of Hymnology.* Canterbury Press. <http://www.hymnology.co.uk/d/dies-ist-der-tag,-den-gott-gemacht>. Datum van gebruik: 1 Oktober 2015.

Watson, J. R. s.a. (b). "Vom Himmel hoch, da komm ich her." *The Canterbury Dictionary of Hymnology.* Canterbury Press. <http://www.hymnology.co.uk/v/vom-himmel-hoch,-da-komm-ich-her>. Datum van gebruik: 20 Augustus 2015.

Watson, J.R. s.a (c). "O Welt, ich muss dich lassen." *The Canterbury Dictionary of Hymnology.* Canterbury Press, http://www.hymnology.co.uk/o/o-welt,-ich-muss-dich-lassen. Datum van gebruik: 3 November 2015.

Watson, J. R. & Hornby, E. (Reds). The Canterbury dictionary of hymnology. Internetweergawe: www.hymnology.co.uk

Westerfield Tucker, K. 2009. Music wars: A new conflict? *Liturgy*: 24(4):3-9). Internetweergawe: http://dx.doi.org/10.1080/045806309022139. Datum van gebruik: 5 Mei 2014.

Westermeyer, P. 2010. Hymnal companion to Evangelical Lutheran worship. Augsburg: Fortress.

Zahn, J. 1963a. Die Melodien der deutschen evangelischen Kirchenlieder. Vol I. Hildesheim: George Olms Verlagsbuchhandlung.

Zahn, J. 1963b. Die Melodien der deutschen evangelischen Kirchenlieder. Vol II. Hildesheim: George Olms Verlagsbuchhandlung.

Zahn, J. 1963c. Die Melodien der deutschen evangelischen Kirchenlieder. Vol III. Hildesheim: George Olms Verlagsbuchhandlung.

Zahn, J. 1963d. Die Melodien der deutschen evangelischen Kirchenlieder. Vol IV. Hildesheim: George Olms Verlagsbuchhandlung.

Zahn, J. 1963e. Die Melodien der deutschen evangelischen Kirchenlieder. Vol V. Hildesheim: George Olms Verlagsbuchhandlung.